# Aanlyn Boekwinkel

*Termes & Voorwaardes*

## VOORWAARDES:

Deur 10/10 Skryfbehoeftes te besoek en/of 'n aanlyn bestelling te plaas, word u geag om hierdie algemene voorwaardes te aanvaar, wat voorrang het bo enige ander dokumente of kommunikasie.

## BASIS VAN OOREENKOMS

- Om die goedere en dienste teen die prys aan die kliënt te verskaf, moet die kliënt die goedere en dienste van 10/10 Skryfbehoeftes aanvaar soos gespesifiseer in die bestelling.
- Hierdie voorwaardes sal die ooreenkoms beheer en enige ander voorwaardes uitsluit.
- Geen wysiging aan hierdie voorwaardes sal bindend wees tensy skriftelik ooreengekom tussen die kliënt en 10/10 Skryfbehoeftes.
- Werknemers of agente van 10/10 Skryfbehoeftes is nie gemagtig om enige voorstellings oor die goedere en dienste te maak tensy dit skriftelik deur 10/10 Skryfbehoeftes bevestig word.
- Deur hierdie ooreenkoms aan te gaan, erken die kliënt dat dit nie staatmaak op sulke voorstellings wat nie so bevestig is nie.

## ALGEMENE INLIGTING:

- Slegs elektroniese webbestellings sal aanvaar word vir bestellings van LS Wierdapark Graad R – Graad 7, Skryfbehoefte pakette.
- Ouers moet enige navrae of probleme self uitsorteer met 10 uit 10 Skryfbehoeftes.
- Geen terugbetalings sal gedoen word sonder goedkeuring vanaf 10 uit 10 Skryfbehoeftes bestuur nie.
- Besigheidsure: Maandae – Vrydae 08h00 – 17h00.
- Alle navrae het ‘n moontlike wagperiode van 48 uur.

## PAKKETTE EN BESTELLINGS:

- Lees asseblief die bestellings proses dokument sorgvuldig deur op die tuisblad van die aanlyn winkel om u bestelling so glad moontlik te laat verloop.
- Bestellings wat geplaas word aanlyn sal geag word om deur 10/10 Skryfbehoeftes aanvaar te word tensy anders aangedui deur 'n gemagtigde verteenwoordiger van 10/10 Skryfbehoeftes.
- Ouers is verantwoordelik om hul kinders se bestellings korrek te plaas op die aanlynwinkel.

- As 'n betaalde bestelling gekanselleer moet word weens omstandighede buite die ouer se beheer, mag winkelkrediet toegeken word volgens die diskresie van 10/10 Skryfbehoeftes Bestuur. Die bedrag van die winkelkrediet sal deur ons bepaal word, en administrasie fooie mag van toepassing wees. Enige kostes wat aangegaan is vir werk wat reeds uitgevoer is tot die datum van die ooreengekome kansellasie, sal ook gehef word en afgetrek word voordat enige terugbetalings gedoen word.
- Die kliënt is verantwoordelik teenoor 10/10 Skryfbehoeftes om die akkuraatheid van die terme van enige bestelling (insluitend enige toepaslike spesifikasie) wat deur die kliënt ingedien is, te verseker, en om 10/10 Skryfbehoeftes enige nodige inligting rakende die goedere en dienste tydig te verskaf om 10/10 Skryfbehoeftes in staat te stel om die ooreenkoms uit te voer in ooreenstemming met sy terme.
- Die hoeveelheid, beskrywing en enige spesifikasie vir die goedere sal dié wees wat in die bestelling uiteengesit is.
- Enige tik-, klerikale of ander fout of weglatings in enige literatuur, kwotasie, pryslys, aanvaarding van aanbod, faktuur of ander dokument of inligting uitgereik deur 10/10 Skryfbehoeftes, sal onderhewig wees aan korreksie sonder enige aanspreeklikheid aan die kant van 10/10 Skryfbehoeftes.

## PRYSE VAN PAKKETTE EN BETALINGS:

- Geen pakkette sal verpak en voltooi word voordat u aanlyn bestelling nie ten volle vereffen is nie.
- Prys sluit belasting op toegevoegde waarde ("BTW") in.
- Pryse kan beïnvloed word deur prysverhogins vanaf verskaffers sonder vooraf kennisgewing en kan die prys van u pakket affekteer sonder vooraf kennisgewing aan u.
- Akkurate inligting en verwysingsnommers is noodsaaklik vir die suksesvolle deurvoer van u bestelling en alokasie van u betaling.
- Dit is u verantwoordelikheid om 10 uit 10 Skryfbehoeftes dadelik in kennis te stel indien enige verkeerde inligting/verwysings deur gestuur is.
- 10 uit 10 Skryfbehoeftes neem geen verantwoordelikheid vir ‘n bestelling wat laat geproseseer word, omrede verkeerde inligting wat deur gegee is.
- Elektroniese Fondsoordrag (EFT) betalings kan tot 72 uur neem om in ons rekening te vertoon.
- Terugbetalings kan tot 14 werksdae neem om terug betaal te word nadat goedkeuring vanaf finansies kantoor ontvang is.
- Let wel: Volledig betaalde bestellings wat na die gespesifiseerde sluitingsdatum betaal word, mag 'n moontlike wagtyd langer as wat voorheen aangedui is, ervaar. As die ouer, is dit u verantwoordelikheid om te verseker dat die uitstaande rekening volledig vereffen word.

## LAAT BESTELLINGS:

- Bestellings wat ontvang word na die aanbevole sperdatum mag ‘n potensïele wagperiode hê, en ouers sal in kennis gestel word wanneer en waar pakkette gereed sal wees vir afhaal.

## VERPAKKING VAN PAKKETE:

- Pakhuis foute moet binne 48 uur van ontvangs van pakket, aangemeld word by die boekwinkel. Verpakkingsfoute sal so gou moontlik reg gestel word.
- Voltooing van die verpakking van pakkette mag langer neem gedurende die feestyd.
- Verpakking en voltooing van pakkette is afhanklik van die beskikbaarheid van voorraad by verskaffers.

## AFHAAL EN AFLEWERING VAN PAKKETTE:

- Graad R en Graad 1 pakkette word aan skool gelewer op vooraf vasgestelde datums
- Graad 2 tot Graad 7 pakkette word afgehaal by 10 uit 10 Skryfbehoeftes op datums wat bevestig sal word aan ouers direk.

Tien uit Tien Skryfbehoeftes wens

vir u 'n Voorspoedige 2026 toe!!